# Hoofstuk van die dag: Job 40:1 – 42:6

> *Wie wil aan Mý eise stel dat Ek iets aan hom verskuldig is? Alles onder die hemel behoort aan My. (41:2)*

In hierdie tweede diskoers wys God vir Job hoe mateloos arrogant hy is om selfs te dink dat hy met God kan meeding in

’n stryd. Hy kan nie eers die trotsaards en goddeloses onderwerp nie (40:5-9), wat nog te sê die magtige seekoei en krokodil tem (40:27-28). En hulle is skepsels van God. Hý het hulle gemaak. Dit is belaglik dat Job kan dink hy kan op gelyke voet met God meeding.

Uiteindelik sien Job die waarheid in. Hy erken dat hy oor dinge probeer praat het wat hy nie begryp het nie (42:3). Hy ken slegs ten dele, maar hy het geredeneer soos iemand wat alles weet. Daarom bely hy in diepe berou (42:6) sy skuld oor sy arrogansie en hubris voor God.

Job het geen rasionele antwoord op sy probleem gekry nie, maar besef duidelik, God self is groter as ’n antwoord. Hy beleef dat God hom omvou ten spyte van teenspoed, en hy kan weer lewe en rus beleef.

Daar is vandag nog mense wat probeer om die misterie van God te ontrafel. Dit bring hulle nóg by God nóg by gemoedsvrede uit.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026